Lees en onderteken hierdie dokument asb. en handig in met registrasie.
Studente wie per pos registreer moet asb. hierdie dokument inhandig wanneer u die studentekaart laat aktiveer. Dankie.

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot•your knowledge partner

E L E K T R O N I E S E K O M M U N I K A S I E B E L E I D

Verskillende tegnologieë word gebruik om gebruikers te bemagtig om toegang tot die Universiteit Stellenbosch se kommunikasiefasiliteite te kry. Dit is u verantwoordelikheid om die vertroulikheid van u wagwoord te verseker. Sien hieronder vir verdere inligting.

1 BELANGRIK: LEES NOUKEURIG DEUR

1.1 Die gebruik van die Universiteit Stellenbosch se kommunikasiefasiliteite is onderhewig aan die Universiteit Stellenbosch se Elektroniese Kommunikasiebeleid ("EKB") soos hieronder uiteengesit, en soos dit van tyd tot tyd gewysig mag word.

1.2 Deur die kommunikasiefasiliteite te gebruik, stem u in om deur die bepalings en voorwaardes van hierdie EKB of soos dit van tyd tot tyd gewysig mag word, gebonde te wees. INDIEN U NIE MET HIERDIE BEPALINGS EN VOORWAARDES AKKOORD GAAN NIE, MAG U NIE HIERDIE KOMMUNIKASIEFASILITEITE GEBRUIK NIE.

1.3 Deur hierdie ooreenkoms te onderteken, erken die Gebruiker dat hy of sy:

1.3.1 die inhoud van die EKB erken en ooreenkom om die bepalings daarvan te eerbiedig;

1.3.2 bekend is met die voorwaardes van Artikel 14(d) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet nr 108 van 1996, wat die grondwetlike reg op privaatheid beskerm, en dit ten volle verstaan (sien <http://www.polity.org.za/govdocs/constitution/saconst02.html#14> hieroor); en

1.3.3 saamstem dat die voorsiening van kommunikasiefasiliteite ten tye van indiensneming deur en/of studies aan die Universiteit Stellenbosch deur die universiteit beskikbaar gestel word met die doel om sy akademiese, administratiewe en verwante funksies te verrig. Die Gebruiker verstaan dat indien hy of sy hierdie fasiliteite vir persoonlike kommunikasiedoeleindes gebruik, hy of sy dit doen wel wetende dat sodanige kommunikasie geen reg op privaatheid geniet nie. Die Gebruiker doen hiermee afstand van enige reg op die privaatheid van sodanige kommunikasie, waarop die gebruiker onder ander omstandighede volgens die bepalings van die grondwet of enige ander wet geregtig sou wees.

1.4 Die gebruik van die kommunikasiefasiliteite is onderhewig aan hierdie beleid en aan enige ander beleidsrigtings en prosedures wat die Universiteit Stellenbosch van tyd tot tyd mag aanvaar.

2 DEFINISIES

2.1 In hierdie EKB geld die volgende definisies, tensy onversoenbaar met of anders aangedui deur die konteks :

2.1.1 "**Kommunikasiefasiliteite**" sluit sonder enige beperking die volgende in: telefone, mobiele telefone en stemposdiens; elektroniese posdiens; faksmasjiene en modems; rekenaars en diensverskaffers; en netwerkgereedskap (insluitend weblesers en internet toegangsfasiliteite).

2.1.2 "**Regsadviseur**" is die Hoof: Regsdienste, Universiteit Stellenbosch;

2.1.3 "**IT Verteenwoordiger**" is die Senior Direkteur: Informasietegnologie, Universiteit Stellenbosch;

2.1.4 "**Gebruiker**" is enige gemagtigde gebruiker van die kommunikasiefasiliteite.

2.2 Indien 'n magtiging waarna in hierdie EKB verwys word, op skrif verlang word, mag sodanige magtiging elektronies uitgereik word.

3 PRIVAATHEID

3.1 Die Universiteit Stellenbosch respekteer 'n Gebruiker se persoonlike reg op privaatheid soos dit deur die Grondwet gewaarborg word. Omdat kommunikasiefasiliteite egter vir die Universiteit Stellenbosch se sakebelange voorsien word, word die regte van Gebruikers in hierdie konteks beperk. Gebruikers behoort geen verwagting te hê dat enige inligting wat versend word deur van die Universiteit Stellenbosch se fasiliteite gebruik te maak of wat op die universiteit se fasiliteite geberg word, privaat is of sal bly nie. Alle kommunikasie sal as amptelik van aard beskou word en die onus sal op die Gebruiker wees om te bewys dat 'n spesifieke kommunikasie van 'n gepriviligeerde of private aard is.

3.2 Alle elektroniese kommunikasiefasiliteite word besit en/of beheer deur die Universiteit Stellenbosch en is te alle tye vir die Universiteit toeganklik met die oog op onderhoud, opgradering, of enige ander sake- of verwante doeleindes. Gebruikers van hierdie fasiliteite behoort bewus te wees dat die kommunikasiefasiliteite (en ander sekerheidsgereedskap) 'n ouditspoor van elke poging tot toegang en alle transaksie-besonderhede in beide rigtings deur elke Gebruiker hou.

Engelse weerwage vanaf bl. 4 / English version begins on p. 4/…

3.3 Die Universiteit Stellenbosch laat redelike en beperkte persoonlike gebruik van al hierdie kommunikasie-fasiliteite toe met die uitdruklike verstandhouding dat hy die reg voorbehou (vir sakedoeleindes of soos deur wetgewing gemagtig) om werknemers se gebruik te hersien en waar nodig te beperk, en/of om die onkoste aangegaan tydens buitensporige persoonlike gebruik te verhaal en om alle materiaal wat op hierdie kommunikasiefasiliteite geskep en geberg word, te ondersoek.

3.4 Die IT Afdeling monitor deurlopend die gebruik van die kommunikasiefasiliteite vir bedryfsdoeleindes en mag verplig word om die inhoud van gebergde of gestuurde data in die uitvoering van sy pligte te ondersoek. **Gebruik van hierdie fasiliteite is gelykstaande aan elke werknemer se uitdruklike toestemming aan die Universiteit Stellenbosch om alle elektroniese kommunikasie te monitor en om toegang tot alle lêers wat deur middel van hierdie kommunikasiefasiliteite geskep of versend word, te verkry. Dit sluit in maar is nie beperk tot sigkopieë van elektroniese kommunikasie nie.**

3.5 Alhoewel die Universiteit Stellenbosch die reg op privaatheid respekteer soos in paragraaf 3.1 hierbo uiteengesit, moet u daarop let dat persoonlike kommunikasie sonder verdere kennisgewing deur die universiteit gemonitor, onderskep, geweier of nagegaan kan word vir die beskerming van sy wettige sake- of ander belange. Sodanige monitering sal gewoonlik onder die volgende omstandighede (wat nie bedoel is om allesinsluitend te wees nie) geskied:

3.5.1 om te verseker dat die Universiteit Stellenbosch se kommunikasiefasiliteite nie gebruik word om diskriminerende of aanstootlike inhoud of inhoud wat in verband gebring kan word met die oortreding van ‘n wet of skending van enige ander persoon se regte te ontvang of te versend nie;

3.5.2 om die teenwoordigheid van onwettige materiaal of ongelisensieerde sagteware te bepaal;

3.5.3 om misdaad te beveg;

3.5.4 om te verseker dat die kommunikasiefasiliteite nie vir onvanpaste doeleindes gebruik word nie;

3.5.5 in reaksie op regsgedinge wat die blootlegging van elektronies bewaarde getuienis vereis;

3.5.6 om inligting tydens ’n werknemer se afwesigheid te vind, op te roep en te herwin; en

3.5.7 om ’n dissiplinêre ondersoek te doen in verband met beweerde wangedrag of in terme van ander bemagtigende bepalings.

3.6 Alle monitering in verband met enige beweerde wetsoortreding, beleid, die Universiteit Stellenbosch se Voorwaardes vir Indiensneming, die Dissiplinêre Kode vir Studente of enige ander bepaling van hierdie ooreenkoms is onderhewig aan die vooraf beoordeling en geskrewe toestemming van die Hoof: Regsdienste of sy genomineerde.

3.7 Alle monitering van werknemerskorrespondensie of lêers in verband met die vereistes van die IT Afdeling om die doeltreffende werking van die Universiteit Stellenbosch se IT infrastruktuur te verseker, is onderhewig aan vooraf beoordeling en geskrewe toestemming van die IT Verteenwoordiger wat van tyd tot tyd vir hierdie doel aangestel word.

4 AANVAARBARE EN ONAANVAARBARE GEBRUIK

4.1 Gebruikers mag nie die kommunikasiefasiliteite gebruik om:

4.1.1 boodskappe te dra wat beskou kan word as synde beledigend, ontwrigtend of obseen teenoor ander werknemers, skadelik vir die moraal van die Universiteit Stellenbosch of wat tot ’n vertroulikheidsbreuk kan lei nie;

4.1.2 ’n ander persoon se natuurlike of wettige intellektuele eiendomsregte (bv outeursreg) te skend nie;

4.1.3 na die diskresie van die IT verteenwoordiger of sy gemagtigde gedelegeerde, ’n ongeregverdigde las op die kommunikasiefasiliteite te lê nie, insluitend maar nie beperk tot die koppeling van persoonlike hardeware aan die Universiteit Stellenbosch se kommunikasiefasiliteite sonder vooraf toestemming nie;

4.1.4 die bepalings van enige toepaslike telekommunikasie-lisensie of enige wette insake datavloei oor grense (bv wette insake data-beskerming, privaatheid, vertroulikheid en sekuriteit) te oortree nie;

4.1.5 te poog om die rekenaarnetwerk of netwerksekuriteit van enige stelsel van die Universiteit Stellenbosch of enige ander stelsel onwettig binne te dring nie, of om ongemagtigde toegang (of poging tot toegang) tot enige persoon se rekenaar, e-pos of stempos-fasiliteite of toerusting te verkry nie;

4.1.6 enige ander wet te oortree of te poog om dit te oortree nie; of

4.1.7 enige lasterlike, diskriminerende of obsene materiaal te dra nie.

5 VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE GEBRUIKER

5.1 Algemeen

5.1.1 Om wagwoorde en/of ander sensitiewe inligting ten opsigte van hulle eie persoonlike rekenaars (insluitend maar nie beperk nie tot skoot-, notaboek-, en handpalmrekenaars, ens) en netwerktoegang veilig te bewaar;

5.1.2 Om redelike voorsorgmaatreëls, insluitend instandhouding van persoonlike wagwoord en maatreëls vir lêerbeveiliging, te tref om die ongemagtigde gebruik van hulle persoonlike rekenaars of data in die rekenaars deur ander Gebruikers te voorkom;

5.1.3 Om die elektroniese kommunikasiefasiliteite slegs vir die doel waarvoor hulle gemagtig is en vir aktiwiteite wat met hul werk verband hou, te gebruik;

5.1.4 Om die privaatheid van elektroniese kommunikasie te respekteer deur, onder andere, geen elektroniese kommunikasie of inligting wat nie vir die Gebruiker bedoel is nie, te bekom of te probeer bekom nie. Gebruikers word veral nie toegelaat om inligting op die Universiteit Stellenbosch se netwerk te probeer onderskep of te inspekteer nie, of om die Universiteit Stellenbosch se netwerk te gebruik om te probeer om inligting op pad deur of verbind aan die Universiteit Stellenbosch se netwerk te onderskep of te inspekteer nie, en

5.1.5 Om die fisiese hardeware en netwerkkonfigurasies van die Universiteit Stellenbosch se netwerk te respekteer.

5.2 Die rapporteer van sekuriteitsinsidente of netwerkswakhede

5.2.1 Dit mag gebeur dat Gebruikers bewus word van ’n oortreding of vermeende oortreding van die sekuriteit ten opsigte van die universiteit se kommunikasiefasiliteite. In so ’n geval word die individuele Gebruiker versoek om sodanige oortreding aan die betrokke stelseladministrateur te rapporteer.

5.3 Wagwoorde

5.3.1 U wagwoord moet vertroulik bly;

5.3.2 U mag nooit en vir geen rede die wagwoord of gebruikersnaam van 'n ander persoon gebruik nie, selfs nie met uitdruklike toestemming nie;

5.3.3 U mag nie u wagwoord of gebruikersnaam deur enige medium (behalwe deur die Universiteit Stellenbosch se netwerk waartoe toegang spesifiek deur die wagwoord verleen is) stuur nie; insluitend maar nie beperk tot e-pos en internet-verwante klets nie;

5.3.4 Indien enige persoon of entiteit probeer om u wagwoord in die hande te kry, word u versoek om dit aan die IT Verteenwoordiger te rapporteer.

5.3.5 Gebruikers is daarvoor verantwoordelik om toegangsvrye sessies te termineer en uit die kommunikasiefasiliteite te tree indien sodanige stelsels sonder toesig gelaat word. Die Gebruiker sal verantwoordelik gehou word vir aktiwiteite wat plaasvind indien hy of sy in gebreke gebly het om aan die bogenoemde gehoor te gee. Sodanige aktiwiteite sluit sonder beperkings enige rekening of skade wat daaruit mag volg, in.

6 GEVOLGE VAN OORTREDING

6.1 Oortreding van enige bepaling van hierdie beleid sal tot gevolg hê -

6.1.1 die beperking of beëindiging van die Gebruiker se toegang tot die kommunikasiefasiliteite, insluitend die onmiddellike terminering van sy of haar toegang en/of regte hangende verdere dissiplinêre optrede;

6.1.2 die inisieer van geregtelike stappe deur die Universiteit Stellenbosch insluitend maar nie beperk tot kriminele vervolging onder toepaslike wette soos hulle van tyd tot tyd in Suid-Afrika mag geld nie;

6.1.3 dissiplinêre stappe sal teen die gebruiker geneem word wat tot afdanking mag lei.

7 KOSTE

7.1 Die Universiteit Stellenbosch voorsien sekere kommunikasiefasiliteite teen vasgestelde tariewe wat deur die Gebruiker betaal moet word. Deur hierdie ooreenkoms te onderteken, magtig die Gebruiker die Universiteit Stellenbosch om enige gelde betaalbaar deur die Gebruiker van die Gebruiker te verhaal, en die Gebruiker onderneem om sodanige bedrag op versoek te betaal. Indien die Gebruiker 'n werknemer is, magtig die Gebruiker die Universiteit Stellenbosch om die verskuldigde bedrag van die werknemer se salaris te verhaal. Indien die Gebruiker 'n student is, magtig die student die Universiteit Stellenbosch om sy of haar studenterekening met die verskuldigde bedrag te debiteer.

7.2 Dit is die verantwoordelikheid van die Gebruikers om voortdurend op hoogte te bly van die koste van die gebruik van die kommunikasie fasiliteite.

8. VRYWARING

Die Gebruiker vrywaar die Universiteit Stellenbosch, sy werknemers, agente en onafhanklike kontrakteurs, na gelang van die geval, en stel hulle skadeloos ten opsigte van enige verlies of skade gelei indien die Gebruiker die kommunikasiefasiliteite vir persoonlike doeleindes gebruik, insluitend maar nie beperk tot die verlies van data of skade aan harde- of sagteware, ongeag die wyse waarop sodanige verlies of skade ontstaan het of veroorsaak is.

9. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

_____

Voornaam(e) en Van ***(drukskrif asseblief)***

_____

Personeel- / Studentenommer

_____ _____

Geteken **Datum**

Kindly read, sign and remit upon registration.
Students registering by mail are requested to please remit this document upon having their student card activated. Thank you.

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot•your knowledge partner

ELECTRONIC COMMUNICATIONS POLICY

Various technologies are used to authenticate users for access to the communications facilities of Stellenbosch University. It is your responsibility to ensure the secrecy of your password. For further information please refer below.

1 IMPORTANT: READ CAREFULLY

1.1 The use of Stellenbosch University's communication facilities is subject to the terms and conditions of the Stellenbosch University Electronic Communications Policy ("ECP") set out hereunder, as may be amended from time to time.

1.2 By utilising the communication facilities you agree to be bound by the terms and conditions of this ECP, as may be amended from time to time. IF YOU DO NOT AGREE TO THESE TERMS AND CONDITIONS, YOU MAY NOT UTILISE THESE COMMUNICATION FACILITIES.

1.3 By signing this agreement, the User acknowledges that he or she:

1.3.1 acknowledges the contents of the ECP and agrees to be bound by the rules contained therein;

1.3.2 is familiar with and fully comprehends the provisions of section 14(d) of the Constitution of the Republic of South Africa, Act No 108 of 1996, which provides for the constitutional right to privacy (for which, see <http://www.polity.org.za/govdocs/constitution/saconst02.html#14>; and

1.3.3 agrees that the provision of communications facilities in the course of employment with and/or studies at Stellenbosch University is made available by the University for the purpose of conducting its academic, administrative and related functions. In the event of the User making use of these facilities for the purpose of personal communications, the User understands that he or she shall be doing so with the full knowledge that those communications will not enjoy any guarantee to privacy. The user accordingly waives any right to the privacy of such communications that the user would ordinarily be entitled to claim in terms of the Constitution or any other law.

1.4 The use of the communication facilities is subject to this policy and to any other policies and procedures as may be adopted by Stellenbosch University from time to time.

2 DEFINITIONS

2.1 In this ECP, unless inconsistent with or otherwise indicated by the context –

2.1.1 "**Communications Facilities**" includes, without limitation, telephones, mobile phones and voicemail facilities; electronic mail facilities; facsimile machines and modems; computers and servers; and network tools (including Internet browsers and internet access facilities).

2.1.2 "**Legal Advisor**" means the Head: Legal Services, Stellenbosch University;

2.1.3 "**IT Representative**" means the Senior Director: Information Technology, Stellenbosch University;

2.1.4 "**User**" means any authorised user of the Communication Facilities; and

2.2 Where an authorisation referred to in this ECP is required in writing, such authorisation may be issued electronically.

3 PRIVACY

3.1 Stellenbosch University respects a User's personal right to privacy afforded to him or her under the Constitution. However, because communications facilities are provided for Stellenbosch University's business purposes, the rights of users to privacy in this context are limited. Users should have no expectation that any information transmitted utilising Stellenbosch University facilities or stored on University-owned computers is or will remain private. All communications shall be presumed to be of an official nature and the onus shall be on a user to prove that a communication is of a privileged or private nature.

3.2 All electronic communications facilities are owned and/or controlled by Stellenbosch University and are accessible at all times by the University for maintenance, upgrades, or any other business or legal purposes. Users who use these facilities should be aware that all the facilities (and other security tools) create an audit log detailing every request for access or transaction detail in either direction by each User.

3.3 Stellenbosch University permits the reasonable limited personal use of all these communications facilities on the express understanding that it reserves the right (for its business purposes or as may be required by law) to review and where required limit employee use of; and/or recover the costs incurred with excessive personal use; and to inspect all material created by or stored on these communications facilities.

3.4 The IT department regularly monitors the use of the communication facilities for operational purposes and may be required to review the contents of stored or transmitted data in the course of their duties. **Use of these facilities constitutes each employee's express permission to the Stellenbosch University to monitor all electronic communications and to access all files that are created with or transmitted by these communications facilities, including but not limited to hard copies of electronic communications.**

3.5 Although Stellenbosch University respects privacy as per clause 3.1 above, your attention is drawn to the fact that personal communications may be monitored, intercepted, refused or accessed by the University for the protection of its legitimate business or other interests without further notice. Such monitoring may generally be expected to occur in the following circumstances (which are not intended to be all-inclusive):

3.5.1 ensuring that Stellenbosch University's communications facilities are not being used to receive or transmit discriminatory or offensive content or in connection with the infringement or violation of any other person's rights;

3.5.2 determining the presence of illegal material or unlicensed software;

3.5.3 counteracting crime;

3.5.4 ensuring that communications facilities are not being used for inappropriate purposes;

3.5.5 responding to legal proceedings that call for producing electronically stored evidence;

3.5.6 locating, accessing and retrieving information in an employee's absence; and

3.5.7 conducting an investigation in terms of a disciplinary or other empowering provision.

3.6 All monitoring in respect of the alleged breach of any laws, policies or of the Stellenbosch University Conditions of Employment or Student Disciplinary Code, or of any of the provisions of this Agreement, is subject to prior review and written approval by the Head: Legal Services, or his nominee.

3.7 All monitoring of employee correspondence or files in respect of the requirements of the IT Department to ensure the efficient operation of Stellenbosch University's IT infrastructure, is subject to prior review and written approval by the IT Representative designated for this purpose from time to time.

4 ACCEPTABLE AND UNACCEPTABLE USE

4.1 Users may not use communications facilities for the purpose of:

4.1.1 carrying messages which may be seen to be insulting, disruptive, offensive to other employees, harmful to Stellenbosch University morale or could lead to a breach of confidentiality;

4.1.2 infringing upon another person's (whether natural or legal) intellectual property rights (e.g. copyright);

4.1.3 in the sole discretion of the IT Representative or his authorised delegates, placing an unjustified burden on the communication facilities, including but not limited to connecting personal hardware to the Stellenbosch University communication facilities without prior consent;

4.1.4 violating the terms of any applicable telecommunications license or any laws governing cross border data flow (e.g. laws dealing with data protection, privacy, confidentiality, and security);

4.1.5 any attempt to unlawfully penetrate the computer network or network security of any Stellenbosch University or other system, or to gain unauthorised access (or attempted access) to any other person's computer, email or voicemail facilities or equipment;

4.1.6 the violation or attempted violation of any other law; or

4.1.7 carrying any defamatory, discriminatory, or obscene material;

5 RESPONSIBILITIES OF THE USER

5.1 General

5.1.1 Safeguarding passwords and/or other sensitive information relating to their PC's (including but not limited to lap tops, notebooks, palm tops, etc) and network access;

5.1.2 Taking reasonable precautions, including personal password maintenance and file protection measures, to prevent the unauthorised use of their PCs or data contained on those PCs by other users;

5.1.3 Using the electronic communication facilities only for the purposes for which they are authorised and only for work related activities;

5.1.4 Respecting the privacy of electronic communication by, *inter alia*, not obtaining or attempting to obtain any electronic communications or information that is not intended for them. In particular, users are not permitted to attempt to intercept or inspect information on the Stellenbosch University network, nor use the Stellenbosch University network to attempt to intercept or inspect information en route through or connected to the Stellenbosch University network;

5.1.5 Respecting the physical hardware and network configurations of the Stellenbosch University network.

5.2 Reporting Security Incidents or Network Vulnerabilities

5.2.1 It may happen that users may become aware of a breach or suspected breach of security with regard to the University's communication facilities. In such an event, the individual user is obliged to report such breach to the appropriate system administrator.

5.3 Passwords

5.3.1 You must keep your password confidential;

5.3.2 You may not use the password or username belonging to another person, at any time and for any reason;

5.3.3 You are not permitted to transmit your password or username through any medium (except through the Stellenbosch University network for which access is specifically granted by the password), including, but not limited to e-mail, and internet related chat;

5.3.4 Should any person or entity attempt to obtain your password from you, you are requested to report this to the IT representatives.

5.3.5 Users are responsible for terminating open sessions and logging out of communication facilities when any such systems are left unattended. The User will be held responsible for any activities that may take place as a result of a failure to comply with the aforementioned, which may include, without limitation, any account or damage that may be occasioned.

6 CONSEQUENCES OF VIOLATION

6.1 Violation of any of the provisions of this policy may result in-

6.1.1 the restriction or termination of a User's access to the communication facilities, including the summary suspension of his or her access, and/or rights pending further disciplinary action;

6.1.2 the initiation of legal proceedings by Stellenbosch University including but not limited to criminal prosecution under appropriate laws that may prevail in South Africa from time to time, and

6.1.3 disciplinary proceedings being instituted against the User which may result in dismissal.

7 COSTS

7.1 Stellenbosch University provides certain communication facilities at prescribed rates which are payable by the User. By signing this agreement, the User grants express authorisation to Stellenbosch University to recover any monies payable by the User, from the User and the User agrees to pay such monies on demand. In the case of a User being an employee, the User grants express authorisation to Stellenbosch University to recover the monies payable from the User's remuneration. In the case of the User being a student, the student expressly authorises Stellenbosch University to debit his or her student account with the monies payable.

7.2 It is the responsibility of Users to continually keep themselves appraised of the costs of the use of communication facilities.

8 INDEMNITY

The User indemnifies Stellenbosch University, its employees, agents and independent contractors as the case may be, and hold them harmless against any loss or damage suffered in the event where the User uses the communication facilities for private purposes, including but not limited to the loss of data or damage to hard- or software, irrespective of how such loss or damage arose or was caused.

9 PERSONAL PARTICULARS

_____

Firstname(s) and Surname (*please print*)

_____

Staff /Student number

_____ _____

Signed **Date**